**Inleiding**

**Gal 5:22-23** **Die Vrug van die Gees!** **Maan. 31 Aug. 2020**

**Gal 5:22-23**

22 "Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,
23 nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."

Ons begin vandag met die reeks oor die vrug van die Gees. Dit is belangrik dat ons daarop sal let dat hier gepraat word van "**Die Vrug van die Gees",** dit is enkelvoud. Dit is nie die vrugte van die Gees nie. Die Skrif openbaar ook **"Die Gawes van die Gees"** in **1 Kor 12:1-11.**

**Die Gawes van die Gees** is afsonderlike gawes wat aan verskillende christene gegee word en wat nie almal noodwendig ontvang nie. Sommige ontvang meer gawes as ander. Maaar dit maak niemand belangriker as 'n ander nie. God het almal lief soos wat Hy ons geskape het. Elkeen moet net biddend in afhanklikheid **die gawes** wat hy of sy ontvang het, erken, uitbou en laat groei en ten volle gebruik in die koninkryk van God.

**Die Vrug van die Gees** daarteenoor, is gawes of deugde wat elke christen ontvang. Ons lees van die vrug van die Gees in Gal 5:22-23. Elke wedergeborene, elke christen ontvang hierdie vrug met sy nege deugde. Ons kan dit verduidelik met bv. 'n nartjie. 'n Nartjie is een vrug, maar as jy hom afskil het hy verskillende skyfies. Dit bly een nartjie, maar met verskillende skyfies. So het ons as christene almal al nege hierdie deugde. By almal is al die deugde nie noodwendige ewe goed ontwikkel nie. Dit is egter ons plig as christene om hierdie deugde in kwaliteit en kwantiteit te laat toeneem.

Nou is dit so dat ook nie-christene hierdie eienskappe ontwikkel of nastreef of laat groei. Ja dit gebeur selfs dat daar van hulle is wat hierdie eienskappe baie meer ontwikkel as wat christene doen. Die verskil sal egter duidelik word as ons kyk na die motief en die doel van nie-christene. Hulle doel kan wees om guns te verdien by mense en die wêreld. Hulle doel kan wees om persoonlike verryking. **MAAR** die doel by christene moet altyd wees om meer soos Christus te word en aan God die eer te gee. Ons lewe op aarde en in die hemel is tog ten eerste om God lief te hê, om God te eer, om God meer te laat word en ons minder.

Hoe dit gebeur is ook nie uit eie verdienste of uit eie goeddunke nie. As ons Joh 15:1-8 lees, lees ons van die wingerdstok en die lote. Jesus Christus is die wingerdstok. Ons is die lote. Die Heilige Gees is die sap wat vanuit die wortels opvloei tot in die lote sodat die lote kan vrugte dra.

Om die vrug van die Gees te openbaar moet ons organies groei. Ons doen nie goeie werk uit onsself nie, want werke word meganies gedoen. Maar om vrug te dra is 'n organiese proses. Daarom kan christene nie anders as om die Bybel te lees en daardeur gelei te word nie. Ons kan nie anders as om biddend deur die Heilige Gees te gelei te word nie. Daarom sal die ernstige Bybelleser en die opregte Bidder, organies groei vanweë die Heilige Gees se werking in jou.

- Lewe 'n Geesvervulde lewe en groei na Christus toe!
- Dan sal jy in kwaliteit en kwantiteit toeneem in **"Die Vrug van die Gees!"**

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)